


# Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 38**



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk.,

Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# ***MY SONDE IS TE GROOT***

Dit gebeur soms dat gelowiges in sondes val waaroor hulle daarna geweldig deur hul gewetens aangekla word, Dan hoor 'n mens hulle dikwels sê: my sonde is te groot om vergewe te word.

Met hierdie uitspraak wil hulle te kenne gee dat die sonde wat hulle begaan het, so groot is dat hulle daardeur alle kanse verbeur het om vergifnis van sonde te ontvang en die ewige lewe te beërwe. Al wat daar vir hulle — so reken hulle — oorbly, is 'n geslote hemelpoort en die ewige straf.

## **Verkeerd!**

As ons hierdie uitspraak: my sonde is te groot om vergewe te word, nader ontleed, sien ons dat dit baie bevat wat verkeerd is en teen die Woord van die Here ingaan.

Hier word voorgegee asof daar groot sondes en klein sondetjies is. Sondes wat deur die publiek veroordeel word en vir hulle laakbaar is, sou dan groot sondes wees, maar sondes wat deur die publiek nie skerp veroordeel word nie, sou dan klein sondetjies wees. Dit is 'n menslike onderskeiding dat daar groot sondes en klein sondetjies is, maar die Bybel ken nie hierdie onderskeiding nie. Volgens die Bybel is alle sondes 'n oortreding van die heilige gebooi van God en verdien daarom om met die ewige dood gestraf te word. Dieselfde Bybel leer ook dat, behalwe die lastering teen die Heilige Gees, daar geen sonde is wat te groot is om vergewe te word nie. So het Christus die moordenaar aan die kruis se sondes vergewe en hom verseker dat hy met Hom in die Paradys sal wees (Luk. 23:43). Die vrou wat op die daad van egbreuk betrap is, word deur Christus vergewe (Joh. 8:11). Dieselfde geld ook vir Saggerus vir sy diefstal en afpersing (Luk. 19:9, 10).

Al wat Christus van ons vra, is hartgrondige berou oor ons sondes en heelhartige bekering daarvan. As dit waarlik by ons gevind word, dan is daar geen sonde — hoe groot dit ook al in die oë van mense mag lyk — wat te groot is dat God ons dit nie om Christus ontwil kan vergewe nie.

## **Christus het nie halwe werk gedoen nie**

Hierdie uitspraak is eintlik 'n aanranding van die volkome verlossing wat deur Christus vir ons bewerk is. Deur te sê dat my sonde te groot is om vergewe te word, gee ek eintlik te kenne dat Christus in die verwerping van die verlossing van die sondes halwe werk gedoen het. Hy sou dan net in staat wees om "klein sondetjies" te vergewe, maar so 'n "groot sonde" soos ek begaan het, daar kom Hy met sy verlossingsarbeid nie by nie. My geval is te moeilik vir Hom.

Enige ware Christen sal besef dat dit absoluut skending van God se belofte is om so te dink of te spreek.

## **Vergewing vir almal wat berou het**

Nee, die berouvolle sondaar mag met vrymoedigheid en blydskap weet dat daar geen sonde te groot is om vergewe te word nie. Dawid het moord en ontug gepleeg. Toe hy in berou sy sonde bely het, het die profeet Natan aan hom gesê: "So het die Here dan ook u sonde vergewe." (II Sam. 12:13). So sê die Here ook aan jou... as jy maar berou het!

**P. J. de Bruyn**

## **NET SOOS DIE ONKRUID**

Net soos die onkruid daar bymekaar gemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen en sal hulle in die vuuroond gooi.

Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Dan sal die regverdiges soos die son skyn in die koninkryk van hulle Vader.

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

# DRIE LEWENSVRAE

Daar is drie vrae wat in ons alledaagse lewe 'n groot rol speel. Tog, miskien deur die veelvuldige herhaling daarvan, beantwoord ons dit heel onnadenkend, terwyl dit belangrike lewensvrae is.

Wie is u?

Waar kom u vandaan?

Waar gaan u heen?

As u plek vir 'n treinreis bespreek, moet u u **naam** gee asook die **beginpunt** en **eindbestemming** van u reis: wie, van waar, waarheen?

'n Mens word so dikwels met die drie vrae gekonfronteer dat jy eintlik nie meer die ware en dieperliggende betekenis daarvan raaksien nie. Tog is dit so uiters belangrik om aan jouself die regte antwoorde op die drie lewensvrae te verskaf, in te dring tot die diepere sin van die vrae en dan eerlike, voor God verantwoorde, antwoord daarop te gee.

## Wie is u?

Elkeen weet wat sy naam is, maar 'n naam is dikwels misleidend. Die naam Judas laat ons dadelik dink aan 'n verraaier en tog beteken die naam "om God te loof". Is elkeen onder ons wie se naam Petrus is, waarlik 'n rotsman? Petrus het die Here verloën.

Op die vraag: wie is u, wat is u naam, moet daar dus nie gedink word aan die direkte betekenis wat ons naam het nie, maar aan die betekenis, die inhoud wat ons deur ons lewe, ons karakter, persoonlikheid en optrede daaraan gee. Dan kom ons tot 'n resultaat wat ons skaam maak! Huigelaar, bedrieër, ongehoorsame, eiewillige, hoogmoedige... dit alles kan saamgevat word met die een woord: sondaar! By een staan hierdie sonde op die voorgrond, by 'n tweede weer 'n ander. Ten slotte is ons almal sondaars.

## Sondaar!

Alleen hy wat erken dat hy 'n sondaar is, kan deur Jesus 'n nuwe naam ontvang. Nou reeds in beginsel, hierna in volkommenheid, want Jesus se Naam en wese dek mekaar volkome. Jesus — Saligmaker: "... en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." (Matt. 1 : 2 1). Hy verlos sondaars en verander hul name, want deur Hom word elke verlose genoem: gelowige, kind van God, Christen. Nou stry ons nog teen die sonde in die krag van Christus, maar "aan hom wat oorwin sal Ek gee 'n wit keursteen en op die steen 'n nuwe naam geskrywe..." (Openb. 2:17).

## Waar kom u vandaan?

Hierdie vraag het denkers en wetenskaplikes deur al die eeue heen besig gehou. Ons wil hier nie die aandag vestig op u vorige verblyfplek, u geboortedorp, u ouers uit wie u gebore is nie. Nee, veel dieper: wat is u oorsprong... die oorsprong van die mens? Was dit maar 'n toevallige sameloop van omstandighede dat die mens op die aarde verskyn het: van die noodlot, van Satan? Het die mens uit 'n dier ontwikkel of is hy deur God geskape?

## Waar kom u vandaan?

Hoe die ongelowige wêreld dit ook al probeer — die oorsprong van die mens kan hulle nie bepaal nie. Lewe bly 'n geheim. Dit kan niemand skep nie en die evolusieteorie het altyd maar weer te doen met die "vermiste skakel."

Die Skrif gee ons die enigste, ware antwoord: die mens is deur God geskape. Hy het die mens gemaak en die asem van die lewe in sy neusgate geblaas. Wie dit wil wegredeneer of ontken, sal hom altyd weer vasloop met die vraag: waar kom ek vandaan? Wie dit glo en aanvaar, kry rus vir sy gemoed. Ek is 'n skepsel van God, die maaksel van sy hand, geskape na sy beeld en gelykenis. Daarom is ek 'n koningskind, daarom het my lewe waarde, daarom respekteer ek ook die lewe en bestaan van ander mense. Die wete gee aan jou lewe koers en rigting. Ek is deur God geskape, het in die sonde geval, is deur Christus herskep — uit God gebore!

Uit God en deur God... daar kom ek vandaan.

### **Waar gaan u heen?**

Is u op pad na nêrens... 'n doellose, rigtinglose bestaan, of is u van mening dat die mens op pad is om te ontwikkel tot 'n supermens... 'n soort god? Wil u vir uself 'n hemel op aarde skep... 'n skone toekoms van gemak, rykdom en eer? Wil u alles uithaal uit en geniet van hierdie lewe met die gedagte: laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons? Is u ook van gedagte dat die lewe eindig by die dood? Is u slegs maar op pad na die dood?

### **Waarheen is u op pad?**

Voor elke mens lê daar slegs twee weë oop — of ons dit nou wil aanvaar of nie — die weg na die hel of die weg na die hemel, die breë weg of die smal weg, weg van God af of na Hom toe. Elkeen wat glo, weet dat hy uit en deur God is, maar ook tot God — dit is sy lewensrigting... op pad na die ewige heerlijkheid. Wie dit egter verwerp, beweeg in 'n eenrigtingverkeer op die breë pad na de verderf.

Quo vadis? Waar gaan u heen? Dit is 'n vraag waarop ek nie vir u die antwoord kan gee nie. Daar is dinge wat 'n mens vir jouself moet beantwoord. Al wat ek vir u kan sê: daar is twee weë... Die Enigste wat u kan help is Jesus Christus.

Op die vraag: Wie is U, was sy antwoord: Ek is Jesus Christus, die Seun van die lewende God; Ek is die weg en die waarheid en die lewe... Waar kom U vandaan? Ek het van die Vader uitgegaan... Waar gaan U heen? Ek gaan na my Vader... om plek te berei vir elkeen wat glo.

Is u op pad daarheen aan sy hand? Hy kan op al u lewensvrae die antwoord verskaf!

**W. de Vos**

# Kerkmense is skynheilig

U vra waarom ek met die kerk gebreek het...

Dit is omdat ek te eerlik is! Ek het die predikant openlik gesê wat ons doen. Sondae speel ons gholf; ek én my vrou. Ons hou ook van 'n drankie en as daar 'n goeie dans is, gaan ons graag. Ons is nie skaam vir ons lewe nie. As die kerk ons nie so wil hê nie, dan gaan ons daarsonder.

Ek het gedink die kerk sou ons eerlikheid waardeer, maar ons is gedreig met sensuur! Om 'n lang storie kort te maak: ons is uit die kerk — nie deur sensuur nie — deur skynheiligheid!

Ons, wat eerlik genoeg is, wil hulle tug, maar intussen sit daar elke Sondag 'n kerk vol huigelaars. Aan hulle word niks gedoen nie. Ek kan hulle by die naam noem soos Piet Viljoen — diaken — Sondag ewe voorbeeldig in sy swart pak — agteraf drink hy skelm! André Roux — onder die lees van die derde gebod knip hy nie 'n oog nie — in die week kan jy hom waar hoor vloek op die manskappe! Die Groot Naam is by hom niks. Die predikant het ook maar baie om weg te steek! Daarom — liever sonder kerk as onder een dak met soveel huigelaars!

Is u uit die kerk om dieselfde rede — die oneerlikheid en skynheiligheid van kerkmense? Dink dan ernstig na oor die volgende. Sou u die Minister van Justisie verdoem as 'n paar polisiemanne aangekla word onder die ontugwet? Mag ons die kerk van Christus prysgee, omdat daar soveel onwaaragtige Christene is? U kan sê dat u uit die kerk is, maar Christus het u nog!

Dit kan nie. Christus red ons deur die geloof (Hand. 16:31), maar dié geloof werk die Heilige Gees deur die prediking van die Bybel. (Rom. 10:15 en 17) (I Petr. 1:25). Die preke hoor u van geroepenes, d.w.s. gestuurdes van die Here. Daar het u die kerk met sy amp. Dit is Christus se instrument. So red Hy!

In die kerk gaan dit dus om Christus! Nie om die Christene nie. Nie die voortreflike lewe van die Christen nie, maar die kruis van Jesus Christus word daar aangeprys. (Hand 2:36; I Kor. 2:2). Stel u voor dat ons in Gal. 2:11 sou lees: Paulus het die kerk bedank, want die apostel Petrus was te skynheilig!

Ons verdedig geen skynheiligheid in die kerk nie, maar die Bybel sê self die kerk bestaan uit onvolmaakte mense. Waarmee worstel Paulus in sy briewe... hoerery in die kerk van Korinthe. (I Kor. 5:1 en 11). Daar was twisgierigheid by die Galasiërs (Gal. 5:15), vuil taal in Efese (Ef. 4:29) en selfsug by die Filippense (Fil. 2:3).

Mag ek vra: Het u al die liefdesweg van Paulus self bewandel met so 'n skynheilige broeder (Gal. 2:11 en 14) en hom openlik teëgestaan? Het u al één huigelaar probeer win deur 'n gesprek van hart tot hart? (Matt. 18 : 15). Het u al vir hulle, maar veral saam met hulle gebid? (Jak. 5:16) en onder trane vir hul bekering gepleit? (Hand 20 :31).

Nie... gaan dan terug en neem dié raad: "Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie." (Rom. 12:21).

## Ek is 'n goeie mens

Jy sê dat jy 'n goeie mens is. Jy steel nie, jy moor nie, jy pleeg nie egbreuk nie, jy hinder nie ander mense nie en daarom reken jy dat jy 'n goeie mens is. Iemand wat daardie genoemde lelike dinge doen, is in jou oog beslis nie 'n goeie mens soos jy nie. Jy sê dat jy sulke mense wat daardie lelike dinge doen, ken. Hulle doen dit wel nie openlik nie, maar knyp die kat in die donker. Hulle steel op 'n bedekte wyse en het ook maar hulle uurtjies met ander mans se vrouens.

Jy is 'n goeie mens. Jy doen sulke dinge nie. Daarom reken jy dat God jou ook krediet behoort te gee en jou beslis moet laat deel in die ewige saligheid. As ek jou hele redenasie goed verstaan, dan kom dit daarop neer dat jou goedheid volgens jouself daarin bestaan dat jy sekere lelike dinge **nie** doen nie.

Nou wil ek aan jou vra: Watter goeie dinge doen jy positief? Hoe kom jy positief die gebooi van die Here na? Ek wil jou verwys na 'n gelykenis van Jesus Christus. Dit is die gelykenis van die onvrugbare vyeboom. Van die vyeboom word ons vertel dat hy geen vrugte gedra het nie. Die vyeboom het nie slegte vrugte gedra nie. Hy het dus nie die beeld vertoon van die mense wat jy ken wat steel en vloek en met ander mans of vrouens rondloop nie. Nee die vyeboom het jou eie beeld vertoon wat geen slegte dinge doen nie, maar ook **geen goeie dinge doen nie**. Die vyeboom was onvrugbaar soos jy — hy het geen vrugte gedra nie.

Wat was die vonnis oor die boom? "Kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond onvrugbaar?" Daarom wil ek vir jou sê dat as jy dink dat jy 'n goeie mens is as jy maar net sekere lelike, gewilde sondes nie doen nie, maar verder die Here ook nie positief dien nie, jy 'n baie groot fout begaan. Oor jou gewaande goeie lewe staan met groot letters geskrywe: MISLUKTE LEWE! Ek hoor reeds hoe God se vonnis oor jou gevel word: kap hom uit! Waarvoor maak hy die grond onvrugbaar?

As jy jou nie bekeer nie, gaan jy met jou ingebeelde goedheid en al die ewige oordeel van God tegemoet. Wat is nou eintlik goed in jou lewe? Jy dink dat jy goed is, omdat jy daardie lelike dinge wat ander mense doen, nie doen nie. Jy meet jou eie lewe aan die slegheid van ander mense. Dan sê jy vir jouself dat jy goed is as jy nie soos hulle maak nie, maar dit is mos sinloos om so iets te doen. 'n Mens kan een krom stok mos nie met 'n ander krom stok meet om te kyk watter een van die twee reguit is nie.

As jy werklik na 'n reguit stok soek om jou lewe te toets, kan ek jou sê waar om een te kry. Jy kan dit kry in die Bybel... in die Woord en Wet van God.

As jy die Bybel behoorlik en nadenkend lees, sal jy sien dat jou lewe deur die sonde skeef en krom getrek is en dat jy glad nie so 'n goeie mens is as wat jy dink nie. Uit die Bybel sal jy leer dat jy uit jouself, sonder die hulp van God, onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad.

Die Bybel sal jou ook wys hoe jy weer goed kan word — alleen deur Jesus Christus kan jy 'n goeie mens word. Christus het gekom om ons wat sleg is, goed te maak, om ons wat deur die sonde krom getrek is, reguit te maak, om ons onvrugbare lewens waarlik vrugbaar te maak.

Sonder Christus is jy — gemeet aan God se maatstaf — geen goeie mens nie, al doen jy ook nie die lelike dinge wat daardie ander mense doen nie. Met Christus word jy uit genade en om sy ontwil as 'n goeie mens voor God gereken, maar dan sal jou lewe ook daaraan geken word — dat jy positief in alles die Here wil **dien**.

**P. J. de Bruyn**



# WAT ONS SAAI, SAL ONS MAAI

Eerlik! Oprek! Onbedrieglik! Waar — kom ons wees 'n bietjie só. Kom ons wees 'n bietjie eerlik — doodeerlik.

U weet dat dit 'n groot vraag is en 'n duur artikel. Om eerlik te wees kan 'n mens nie koop nie en ook nie te lene kry nie. Dit is soos 'n stukkie koper. Hoe meer dit in gebruik is, des te mooier en skoner word dit. 'n Mens moet ook maar jou eie eerlikheid mooi sit en bekyk en soms hard opvryf. U sal vra waarom ons nou bietjie eerlik moet wees — met watter waarheid?

Die waarheid waarmee u worstel is die waarheid waaroor almal met u redeneer — dat dit u skuld is, terwyl u glo dat die waarheid aan u kant is. U sê dat dit die vrou, die man, die kind, die vriende, die kerk, die werkgewer, die noodlot en ook God se skuld is dat u is waar u is.

Laat ons oor u probleem gesels — maar in alle eerlikheid. Wat ek vir u wil sê, is: wat mens saai, sal 'n mens maai. Dis tog die waarheid! U stem saam. Geen mens het nog 'n boontjiepit geplant en daarvan 'n mielieplant gekry nie. So ook in die geestelike lewe van die mens — soos sy planne en gedagtes. Wat gesaai word, word geoes.

As mens 'n huis wil bou en daar is planmatigheid in, gaan jy eers sit en bereken. Dit voorkom dat jy later 'n mooi nuwe geboude huis maai wat meer kos as wat jy kan betaal. 'n Mens val tog nie in die pad Kaapstad toe, sonder om die padkaart te raadpleeg nie. As jy dit tog doen en jy kom in Durban uit, het jy tog seker nie verskoning vir jousef of enige verwyte teenoor ander nie. Wat mens in onverskilligheid saai, sal jy ook maai.

## Wat van die "skuld" dat waarin u is?

Wie se saaiwerk is dit? U weet daar is 'n in elke lewe, of sal ons sê elke saailand, 'n kwaaddoener — die duiwel — is. Hy het ontelbare trawante ewe boos soos hy. U sê u glo nie aan hom nie! Kom, wees eerlik. U glo tog aan 'n bose mag wat u lewe ongelukkig maak.

Met ander woorde, saam met ons saai nog iemand. Hy saai net en ons maai sy kwaad alleen. In elke woord, daad, onderneming, begeerte en goeie voorneme wat u saai, hou u rekening met die ongenooide vennoot?

As u u vrou, of man, ouerhuis, werk, geluk, vriende verloor het en nou ook u Bybel, u gebed, u eer en ook die verlossing en u God, wees eerlik, het u nie saam met die boosdoener gesaai nie?

Wat is die oplossing? Probeer hierdie weg: wees eerlik en begin met God saai. Wees eerlik met Jesus Christus, met die gebed — wie bid, ontvang — wie klop, word ontvang. Wees eerlik met die Bybel — dit is, ja dit is God se Woord. Wees eerlik met u skuld — ek saai met die kwaad saam. Wees eerlik in volharding — selfverloëning — smeking. Wees eerlik om te glo — kinderlik eerlik.

Mag ek u nog 'n maal eerlik sê: u mag **Quo Vadis** ignoreer, u mag die onbekende mens en uself bedrieg, maar God kan en sal u nie bedrieg nie. Hy laat Hom ook nie bedrieg of bespot nie. Wat ons saai, sal ons ook maai.

**B. D. C. Prinsloo**

# WAT U GESOEK HET

Om nie te vind wat 'n mens soek nie, maak jou moedeloos. Om nie te vind wat mens so hartstogtelik begeer nie, lei tot raserny. Om telkens opnuut te besef: nog het ek nie gevind wat ek soek nie — dit laat mens so anders voel. U was natuurlik ook op soek. Kyk, almal is besig om te soek, totdat hulle gevind het wat hulle soek.

Verlede keer het u gemeen u sal dit vind wanneer u die bodem van die bottel sien, of u het gemeen u sal dit vind wanneer die pilletjie eers sy werk gedoen het. Laas het u gemeen u sal dit vind in die skemer-duisternis van die dansbaan. In die koerant lees ek dat hulle saam gemeen het om in die gas van die uitlaatpyp te vind wat hulle soek.

Stem u saam dat daar gesoek en nie gevind is nie... weer gesoek en weer nie gevind nie... soekende sonder om te vind... gemeen om te vind, maar nie gevind nie. Het u gevind dit wat u gesoek het... die lewe! Almal soek die lewe.

**Om te lewe** is 'n natuurlike en ingeskape drang. **Om te wil lewe**, is 'n gawe van Hom wat die Lewe is. Om te lewe, is meer as om net te bestaan. 'n Mens wat net bestaan, sê: om so te lewe, is geen lewe nie — bestaan maar leef nie... leef nie sinvol nie — voel soos 'n nuttelose klip iewers op 'n verlate rotsrantjie. Dit is geen lewe nie!

Almal soek lewe, maar het u verkeerd gesoek? Daarom het u elders gaan soek. Waar u **nou** soek, vind u wat u soek. Eintlik nie **waar** u soek nie, maar **wie** u soek, is te vinde. Dié **Een** na wie u soek, laat Hom vind. Dié **Een** maak die lewe weer sinvol. Dié **Een** maak die lewe die lewe werd. Die "dit is geen lewe nie" word "dit is die lewe dat hulle U ken... en Jesus Christus wat u gestuur het."

U soek die lewe, 'n vreugdevolle lewe. U wil geen mislukte lewe hê nie. U wil nie net bestaan nie, maar **lewe**. Soek die Here! 'n Mens sonder God is soos 'n kind sonder vader en moeder; soos 'n kers sonder pit; soos 'n huis sonder fondament; soos 'n boom sonder wortel. 'n Mens sonder God is nutteloos, waardeloos, niks. Wie die Here God soek, het wat hy soek. Wat u gesoek het, vind u in Hom. Wat u verloor het, kry u in Hom weer terug.

Hy is die lewe. Hy skenk nuwe lewe. Hy sê: "Soek My, dan sal julle lewe." (Amos 5:4). U het die Here gesoek terwyl Hy nog te vinde was, maar nou moet u gaan en vir die ander soekers ook die blye **lewens**boodskap bring: "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is." (Jes. 55:6) en "Soek en jy sal vind." (Matt. 7:7).

Soek die lewe nie in die kwaad nie, maar soek dit in Jesus Christus.

## Hier is 'n Uitnodiging

Soos 'n moeder oor haar kinders bekommerd is, is die kerk bekommerd oor talle ongelukkige mense. Soos 'n moeder roep sy: kom terug.

Kom terug na Jesus Christus. Kom terug na die Vaderhuis. Kom terug na die warmte en die liefde wat net 'n moeder kan gee. Hierdie roepstem van die Kerk is 'n uitnodiging.

Is u een van diegene wat verdwaal het?

Dan geld hierdie uitnodiging ook vir u. Al wat u moet doen, is om u telefoon op te tel en u naaste Gereformeerde predikant te skakel. Hy sal u graag besoek of kom Sondag kerk toe en praat met die dominee of een van die ouderlinge somer daar by die kerk.

Dit is 'n uitnodiging. Wat antwoord u daarop?